



## My hart sal juig

### Teks vir die preek:

*“Maar ek – op u goedertierenheid vertrou ek; my hart sal juig oor u heil. Ek wil sing tot eer van die HERE, omdat Hy aan my goed gedoen het”.*

**Psalm 13:6**

JG Noeth

© 2011

[www.christelikebiblioteek.co.za](http://www.christelikebiblioteek.co.za)

### Liturgie

1. Votum en seëngroet
2. Sing Ps 150:1-3
3. Wetslesing
4. Sing Ps 32:1-2
5. Gebed
6. Skriflesing Psalm 13
7. Sing Ps 13:1-3
8. Teks: Psalm 13:6
9. Preek
10. Sing Ps 13:4-5
11. Gebed
12. Kollekte
13. Sing Ps 136:1-3
14. Seën

Geliefde broeders en susters in Christus,

**Selfs in tye van onsekerheid bring vaste gebedsvertroue op die Here se genade, vreugde**

Vreugde, opregte vreugde, het 'n byna vreemde verskynsel vir ons elkeen geword. Daagliks word 'n groot deel van ons tyd aan oppervlakkige geluk en vreugde spandeer. U vra miskien vandag die vraag: is opregte vreugde nog moontlik? Moontlik in 'n tyd van onsekerheid, geweld, dalk eensaamheid of siekte? Ons word so maklik ingesluk deur die bitter en die swart kant van die lewe. Kom ons kyk na die invloed wat gebedsvertroue op die Here se genade vir ons kan beteken in tye van onsekerheid.

In die prediking openbaar God aan ons:

- **Die nood van die digter**
- **Die gebed van die digter**
- **Die vreugde van die digter**

**Die nood van die digter**

Kom ons begin deur te kyk na die omstandighede van die digter in Psalm 13. Baie sterk kom ons agter dat die Psalm gerig is op die noodsituasie van 'n enkeling. Verse 2 en 3 lees: "Hoe lank, Here, sal U my altyddeur vergeet? Hoe lank sal u vir my U aangesig verberg? Hoe lank sal ek planne beraam in my siel, met kommer in my hart oordag? Hoe lank sal my vyand hom oor my verhef?"

Vier keer word die noodkreet geuit: "Hoe lank, Here". Die digter voel baie duidelik vergete, onseker, alleen, moedeloos, verwerp. Die term wat vertaal word met "hoe lank, Here" is 'n algemene uitdrukking in die Ou Testament en word veral gebruik om ongeduld, of 'n klagte uit te druk. In hierdie geval is die klag "hoe lank, Here" wat vier keer voorkom egter geen suiwer bewys van ongeduld alleen nie, maar reeds 'n aanduiding van geloof. Die klag is nie oorheersend nie, maar dui op die hoop. Hoop is die ondertoon van die klag van die digter.

In die tweede "hoe lank" uitroep in vers 2 lees ons: "Hoe lank sal U vir my u aangesig verberg?" Ook die verberging van God se aangesig is 'n baie bekende uitdrukking in die

Ou Testament. Wanneer God sy aangesig verberg beteken dit dat Hy sy guns van die mens onttrek. 'n Mens kan dus hier sê dat “aangesig verberg” byna dieselfde beteken as vergeet: Die klag van “vergeet” en “verberg” (vers 2) het nie alleen betrekking op die uiterlike nood nie, maar wat die digter die bangste maak: Hy ervaar nie meer God se guns nie. Waarna is die digter dan hierna op soek? Wat is anders as God nie sy aangesig verberg nie?

Ons kan baie mooi agterkom wat die verskil is as God nie sy aangesig verberg nie, deur na die voorbeeld van die gebruik van die Israeliete in die tempel in die Ou Testament te kyk. Die Israeliete in die tempel het die gebruik gehad dat jy as nietige mens voor die groot aangesig van God kom. Gewoonlik het hierdie “voor die aangesig van God kom” dan 'n baie positiewe gevolg aangedui. Byvoorbeeld Numeri 6: 25,26: “Die Here sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees. Die Here sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.”

Besef u nou iets van die nood waarmee die digter hier moes worstel? Hy ervaar nie meer die aangesig van God nie. God verberg sy aangesig van hom af, hy is vergete. Hy kan geen kontak met God hou nie.

In vers 3 staan: “Hoe lank sal ek planne beraam in my siel, met kommer in my hart oordag? Hoe lank sal my vyand hom oor my verhef?” Hy is moeg met sy eie planne. Hier gaan die digter dan nader op sy uiterlike nood in. Hy is radeloos met sy eie planne en smarte. Hy voel die vyand oorheers hom. Die digter voel asof hy op homself aangewese is, want hy ervaar dat God wegkyk en nie sien hoe sy vyand hom sonder rede laat ly nie. Kan u u indink in die digter se situasie? Ken u die magteloosheid wat hy hier ervaar? Ken u die begeerte om te wil uitroep: Hoe lank, Here?

Wat is die rede vir u “hoe lank, Here” vraag vandag? Is u ook net soos die digter radeloos met u eie planne en smarte? Voel u ook van God verlate? Soos die digter, verkeer ons ook dikwels in groot nood. Kom ons kyk nou hoe die digter sy nood hanteer.

### **Die gebed van die digter**

Die onsekerheid van die digter, die vrees, die nood word dan verder in Psalm 13 omgesit in indringende gebed: dus, direk na die uiting van die noodkreet volg oomblikke van intense, vurige gebed en smekinge.

Hoor sy vertrou in die Here as hy bid (vers 4): “aanskou tog, verhoor my, Here, my God! Verlig my oë, sodat ek nie in die dood inslaap nie.” Daar word in smeking gebid dat die Here tog sy aangesig sal laat skyn oor sy kneg. Dat die Here hom weer sal raaksien in sy nood, sal red uit die bespotting van sy vyande.

Hierdie “aanskou tog” (4) is net mooi die teenoorgestelde van “verberg” in vers 2. In die tyd van sy nood bid digter vir die bemoeienis van God met hom. Hy tree dan ook baie nader en meer intiem na God, as hy in vers 4 sê: “...Here, my God.” Wat kry ons dus hier?

Die digter het opgehou om self planne te maak en vra nou die Here se hulp, en Hy vertrou vervolgens op God se hulp. Voorts is die bidder se verlossing nie net vir homself van belang nie, maar volgens vers 5 sou sy vyand ook kon grootpraat as hy, die digter, nie gered word nie en so sou die goddelose God se eer te na gekom het.

Twee sake kom dus sterk na vore:

Die Here se hulp.

Die eer wat Hom toekom.

Die Here se hulp is daar. Hy is altyd by en met ons. Ons kan ons nood volkome aan hom oorlaat, nie om onself daardeur te red nie, maar om Hom ook daardeur die eer te laat kry. Selfs ons gebede en smekinge in tye van nood, moet wees om die eer van God.

In hierdie tye wat ons so in smekinge en gebed na God te gaan, ook dan kan ons weet is ons nie alleen nie. Ons gebed word moontlik gemaak deur die Heilige Gees wat ons laat deel kry aan die weldade van Christus.

Die Heilige Gees troos ons, en bly ewig by ons, sodat ons altyd in gebed kan vra: “aanskou tog, verhoor my, Here, my God!”

Kom ons vat saam tot dusver: Die digter van Psalm 13 verkeer in ‘n noodsituasie as gevolg van onsekerheid. Hierdie onsekerheid word omgesit in indringende, vurige gebed en smekinge. In ons lewens is daar dikwels onsekerheid en probleme. Deur die werking van die Heilige Gees kan ons tot God nader in gebed en kry ons deel aan Christus se genade, sodat ons kan weet God se aangesig is nooit vir ons verberg nie.

Hierdie bring ons dan by die derde punt, naamlik:

### **Die vreugde van die digter**

Wanneer ons vers 6 lees kom ons agter die digter loop oor van vreugde. Hy loop oor van vreugde ten spyte van sy omstandighede. Die rede vir hierdie vreugde word baie duidelik aan ons geopenbaar: Sy vertrou op die Here se genade.

Vers 6 se woordorde is so saamgestel in die oorspronklike taal, dat die wyse waarop die sin saamgestel is, besondere klem vra vir vers 6. Vers 6a: “maar ek, op u goedertierenheid vertrou ek”. Die digter vertrou. Hy vertrou op die Here se goedertierenheid. Al het hy vermeld dat hy van God verlate voel, kon hy met vrymoedigheid na God gaan, want hy weet God sal aan Hom goed doen. En hierdie vertrou op die Here se genade bring vir hom vreugde.

Gebedsvertroue op die Here se genade, selfs in tye van onsekerheid bring vreugde. Hy sê: “My hart sal juig oor u heil.” God sal aan hom redding gee. Net die vertrou daarop maak dat sy hart wil juig oor die Here.

Die heilig in hierdie Psalm is ‘n klein voorspel op die redding en die uitkoms wat God vir ons deur Christus gegee het. Wel was dit vir die digter nog slegs ‘n toekomsblik, maar uit geloofsvertroue gryp hy daaraan vas as ‘n klaar voltooide werklikheid.

Die digter, net soos ons elkeen, kan vasgryp in vertrou aan die uitkoms wat God deur Christus vir ons gee, want selfs in ons grootste nood, ons allerverskriklikste onsekerheid, kan dit nie opweeg teen die Godverlatenheid wat Christus moes ervaar nie. Hy het tydens sy kruisdood uitgeroep: Eli, Eli, lama sabagani? Dit is: My God, my God waarom het u my verlaat” (Matt. 27:46). Ons grootste nood kan nie hierteen opweeg nie.

Dus kan ons vertrou op die genade van God, wat soos ons gesê het deur die Heilige Gees in Christus vir ons bewerk is. En hierdie vertrou bring vreugde. Hoor hoe die digter sy vreugde wys in vers 6b: “ek wil sing tot eer van die Here, omdat Hy aan my goed gedoen het.”

‘n Baie algemene vorm om blydschap te betoon is om te sing. Vat nou maar in ons lewens as ons bly is hoe maklik is dit om te sing en hoe vrolik laat ‘n mens voel. In hierdie onseker tyd van sy lewe, wil die digter sing, hy wil uiting gee aan sy blydschap. En die rede vir sy

blydskap: vaste gebedsvertroue op die Here se genade. Die digter sê: “Hy het aan my goed gedoen.”

‘n Mens kan dus byna sê: dank by voorbaat. Dank vir die genade wat God sal betoon. Sulke geloofsvertroue soos wat ons hier sien word aan ons slegs ‘n werklikheid deur die Heilige Gees. Die digter wys duidelik vir ons hoe ‘n mens selfs in tye van skynbare ondraaglike verlatenheid, in vaste gebedsvertroue moet gryp na God.

### **Slot**

Ons kom terug na die vraag wat ons aan die begin gevra het: is opregte vreugde nog moontlik? Moontlik in ‘n tyd van onsekerheid, geweld, dalk eensaamheid of siekte? Ja, opregte vreugde is moontlik, **vaste gebedsvertroue op die Here se genade bring vreugde.**

Laat ons dat nie in wanhoop uitroep: “Hoe lank, Here” nie, maar in geloofsvertroue:

“O Heer, ek sal u nooit laat gaan.  
My hoop bly op u goedheid staan.  
My hart sal oor u redding bly wees,  
My lofsang u toegewy wees,  
Want U het aan my welgedaan.”

Amen.